

KONINKRYK.

LES 23

1 GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2 UITWISSELING (20 minute)

[STILTETYE]
PSALM 50, 51, 58 en 62

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Psalm 50, 51, 58 en 62). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3 MEMORISERING (5 minute) **[SLEUTELVERSE IN ROMEINE]** **(10) ROMEINE 6:23**

Repeteer twee aan twee:

(10) Romeine 6:23. Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus, ons Here.

4 ONDERRIG (85 minute)

[DIE GELYKENISSE VAN JESUS]
DIE ONBARMHARTIGE AMPTENAAR

“Die gelykenis van die onbarmhartige amptenaar” in Matteus 18:15-35 is ’n gelykenis oor VERGEWING IN DIE KONINKRYK VAN GOD.

“’n Gelykenis” is ’n aardse verhaal met ’n hemelse betekenis. Dit is ’n lewensgetroue verhaal of ’n illustrasie wat ontwerp is om ’n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse (Sien handleiding 9, supplement 1).

Lees Matteus 18:15-35.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word in figuurlike taal vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

Bespreek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Die verhaal van die gelykenis het drie onderdele:

’n Koning bewys barmhartigheid aan sy slaaf deur sy verskriklike groot skuld te skrap. ’n Koning het besluit om saam met sy amptenare hulle boeke na te gaan. Hierdie slawe was nie gewone slawe nie, maar hoë amptenare, waarskynlik goewerneurs van provinsies (satrape, sien Daniël 6:1-2). Hul verantwoordelikheid was om die koninklike belastinge in die provinsies in te samel en op tyd aan die koning af te dra. Die koning het hulle een vir een by hom geroep. Daar was een amptenaar wat nie sy bedrag kon afdra nie. Hy het miljoene rand geskuld (letterlik: tien duisend talente)! Één talent was gelyk aan sesduisend denarii. Één denarius was die dagloon van ’n arbeider. ’n Arbeider sou twintig jaar lank moet werk om één talent te verdien! Dus, die skuld van hierdie amptenaar was so groot dat hy dit nooit sou kon betaal nie! Hoekom hy so ’n groot bedrag geskuld het, weet ons nie. Miskien was hy nalatig en het hy die belastinggeld vir sy eie doele verkwansel. Die punt is dat sy skuld absoluut onmoontlik betaal kon word!

Die koning het bevel gegee dat hierdie amptenaar met sy hele familie as slawe verkoop moes word net om ’n klein bietjie van die geld terug te kry. Hierdie praktyk om iemand in slawerny te verkoop wat sy skuld nie kon betaal nie, word nie in Israel goedgekeur nie, maar was wel die praktyk in die omliggende lande.

Die amptenaar het op sy gesig voor die koning geval en hom om genade gesmeek. Hy het nie ontken dat hy so ’n groot skuld gehad het nie en ook nie verklaar hoekom hy so ’n skuld gehad het. Hy het besef dat hy nooit hierdie skuld kan

betaal nie en tog het hy die koning gesmeek om geduld te hê en gesê dat hy alles sou terugbetaal. Hy het dit gesê omdat hy aan die verskriklike straf wou vryspring.

Die koning het hom jammer gekry, hom laat gaan en sy skuld afgeskryf. Die koning het baie meer gedoen dan wat die amptenaar gevra het of verwag het! Die eerste deel van die gelykenis wys die byna ondenkbare en volkome onverdiende barmhartigheid van die koning!

Hierdie slaaf weier om die klein skuld van 'n medeslaaf te skrap. Buite het die eerste slaaf 'n medeslaaf ontmoet wat 'n klein bedrag geld aan hom geskuld het – 'n paar rand (letterlik: 'n honderd denarii). Dit was maar drie maande se salaris en 'n kleinigheid in vergelyking wat hy geskuld het. Voor sy medeslaaf iets kon sê, het hy hom gewurg en onmiddellike betaling van sy skuld geëis. Die verhaal vertel nie hoekom hy so wreed was nie. Miskien was sy eer gekrenk deur sy mislukking as 'n hoë amptenaar. Miskien het hy sy gesigsverlies afgereageer op die eerste mens wat hy teëgekom het.

Ook sy medeslaaf het op sy gesig voor hom geval en hom om uitstel gesmeek. Maar hy het hom in die tronk gegooi totdat hy sy skuld sou betaal! Omdat die bedrag maar klein was, was dit onwettig om hom in slawerny te verkoop. Maar dié was nie onwettig om hom dwangarbeid te laat verrig totdat hy sy skuld afbetaal het. Dit was ook algemeen praktyk om gevangenes te martel om hulle te dwing waar hulle die geld weggesteek het of om familie te dwing om sy skuld te betaal. Die tweede deel van die gelykenis toon die wreedheid van die eerste slaaf wat vergewe was, maar onbarmhartig gebly het.

Die koning het die aanvanklike skuld van die eerste slaaf weer opgelê en hom behoorlik gestraf. Toe sy medeslawe gesien het wat gebeur het, was hulle bedroef en het alles aan die koning vertel. Die koning het die eerste slaaf by hom geroep en hom uitgeskel as 'n skurk. “Al daardie skuld het ek vir jou afgeskryf omdat jy my gesoebat het. Moes jy ook nie jou medeamptenaar jammer gekry het soos ek jou jammer gekry het nie? Dit was sy plig om nie alleen dankbaar te wees vir die kwytstelling van al sy skuld nie, maar hy moes ook in die voetspore van die koning getree het en die skuld van sy medeslaaf kwytgeskel het! Dit was sy verantwoordelikheid om almal wat hom onreg aangedoen het te vergewe! Met volkome beheersde woede (gebelgdheid) het die koning die eerste slaaf oorgegee om gemartel te word totdat hy al die skuld betaal het.

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus 18:15-22.

Die maatreël met betrekking tot tug. In Matteus 18:15-17 het Jesus sy dissipels geleer om inisiatief te neem in die versoening van 'n broeder wat teen hulle gesondig het. Hoewel die woorde “teen u” in vers 15 in die beste ou handskrifte ontbreek, word hulle tog geïmpliseer (Lukas 17:3-4), omdat die ontmoeting met 'n broeder wat sondig eers “onder vier oë” moes geskied. Ook die vraag van Petrus in vers 21 impliseer 'n sonde van 'n meer persoonlike aard. Nietemin, wanneer die belange van die Gemeente (Kerk) dit vereis, moet die reël in Matteüs 18:15 ook toegepas word by openbare sondes.

Die vraag oor vergewing. Alhoewel Petrus weet dat 'n Christen die inisiatief moet neem om 'n volledige versoening teweeg te bring, wou hy weet hoeveel keer 'n Christen 'n broeder wat sondig moes vergewe (Matteus 18:21-22). Hierdie manier om geestelike sake te beoordeel of te beredeneer lyk op die argumente van 'n Joodse wetgeleerde. Hulle het geleer dat 'n Jood die eerste keer, die tweede keer en die derde keer moes vergewe, maar die vierde oortreding moes straf! Dit klink asof vergewing 'n verbruiksartikel was wat gemeet en gemanipuleer kon word en bietjie vir bietjie uitgedeel kon word totdat 'n bepaalde limiet (grens) bereik word, waarbo 'n persoon nie meer vergewing sou moes ontvang nie! Die vraag van Petrus was oor die omvang van vergewing en hy self het gedink dat “sewe keer” baie redelik was!

Maar Jesus het geantwoord dat vergewing nie 'n verbruiksartikel was nie en ook nie uitgedruk kan word in een of ander meetbare hoeveelheid nie. Vergewing is 'n houding teenoor mense wat jou aangedoen is. Hy het gesê dat 'n mens “sewentig maal sewe keer” moes vergewe! Hy bedoel nie letterlik 490 maal nie. Hy gebruik die Joodse figuurlike getalleer om *iets bo die volmaakte aantal kere aan te toon*. Deur twee volmaakte getalle “7” en “10” te vermenigvuldig met nog 'n volmaakte getal “7” bedoel Jesus aan te toon dat regte vergewing geen limiet (grens) ken nie. Vergewing is 'n toestand van die hart en nie 'n getal wat bereken kan word nie!

Op hierdie punt het Jesus die gelykenis van die onbarmhartige amptenaar vertel.

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 18:23-34.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Matteus 18:35.

“So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie.”

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in 'n gelykenis noodsaaklik 'n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van 'n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van 'n gelykenis 'n geestelike betekenis toeskryf nie!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge.

Jesus gee geen detail in die verhaal enige besondere betekenis nie. Daarom moet die relevante details uit die verband of uit ander Bybelgedeeltes afgelei word.

Die koning en die twee slawe. Die toepassing in Matteus 18:35 slaan op God, die Christen en die broeder wat oortree. Alleen hierdie aspekte het relevansie. Hy sê, “So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle (Christene) maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie.” “Die ontferming en barmhartigheid van die koning” verteenwoordig God se barmhartigheid. “Die ontferming en barmhartigheid wat die eerste slaaf sou moes gewys het” verteenwoordig die ontferming en barmhartigheid wat alle Christene sou moet bewys teenoor broeders wat teen hulle sondig.

Die tienduisend talente (ANV: miljoen rand) en die honderd denarii (ANV: 'n paar rand). Die groot bedrag van “10000 talente” verteenwoordig die groot sondeskuld van 'n mens teenoor God! Van nature het elke mens hierdie groot skuld teenoor God. Die bedrag is so groot om aan te toon dat geen mens hierdie skuld kan afbetaal nie! Dit is menslik onmoontlik om jou eie sondeskuld op jou eie manier aan God af te betaal! Alleen vir God is dit moontlik om hierdie groot sondeskuld te vergewe!

Die klein bedrag van “100 denarii” verteenwoordig die skuld van 'n ander Christen teenoor die eerste Christen. Die bedrag is aansienlik (gelyk aan drie maande salaris), maar dis menslik moontlik om daardie skuld af te betaal! Vir 'n Christen is dit altyd moontlik om 'n relatief klein skuld te vergewe! Hierdie twee bedrae verteenwoordig nie spesifieke sondes nie en ook nie meetbare hoeveelhede nie. Hulle verteenwoordig alleen 'n onvoorstelbare groot bedrag teenoor 'n baie klein bedrag.

Die martelaars (vers 34). Hierdie detail word geen betekenis toegeken nie, maar verteenwoordig die laaste oordeel wanneer elke mens sal ontvang wat hy verdien. “Ons moet immers almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed is of kwaad.” (2 Korintiërs 5:10).

Alle ander details in die verhaal van die gelykenis moet ons geen besondere betekenis toeken nie, omdat hulle alleen die verhaal van die gelykenis versterk.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die onbarmhartige amptenaar in Matteus 18:23-35 is 'n gelykenis oor “vergewing in die Koninkryk van God.”

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “daar is 'n direkte verband tussen die vergewing wat ons van God ontvang en die vergewing wat ons aan ander mense wat teen ons sondig, skenk. 'n Christen wie se sondes almal vergewe is, moet altyd gewillig wees om ander wat teen hom sondig te vergewe.”

'n Christen moet dit doen, niet alleen maar uit dankbaarheid dat God hom vergewe het nie, maar omdat God verwag dat hy in God se voetspore sal tree en aan ander sal doen wat God aan hom gedoen het. Omdat God die Christen vergewe het, moet die Christen almal vergewe wat teen hom 'n oortreding begaan! Die Christen moet sy aanspraak op sy regte loslaat en toelaat dat genade oor sy regte triumfeer! *Werklike liefde eis uitsluiting van alle natuurlike self-liefde!*

Vergewing is één van die fundamentele kenmerke van die Koninkryk van God! Die ware burgers van God se koninkryk is nie onbarmhartig teenoor broeders wat teenoor hulle 'n oortreding begaan nie. Hulle moet oortredings by herhaling vergewe (Matteus 6:12,14-15).

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

(1) Die gelykenis van iemand wat 'n regspraak teen jou begin.

Lees Matteus 5:25-26.

Ontdek en bespreek. Hoe kan ons hierdie twee gelykenisse oor vergewing in die Koninkryk van God met mekaar vergelyk?

Aantekeninge. “Die gelykenis van iemand wat 'n regspraak teen jou begin” in Matteus 5:25-26 is 'n gelykenis oor “vergewing in die Koninkryk van God”. Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Die moment wat jy jou met 'n teenstander moet versoen is altyd nou (onmiddellik)!”

Vergewing is één van die fundamentele kenmerke van die Koninkryk van God. Die ware burgers van God se Koninkryk mag versoening met 'n broeder of suster in 'n konflik nie uitstel nie, omdat “*môre te laat kan wees*”! 'n Mens wat weier om te probeer om hom met iemand te versoen, sal nooit in staat wees om sy skuld te betaal nie.

Terwyl “die gelykenis van die onbarmhartige amptenaar” leer dat versoening met 'n broeder of suster wat 'n oortreding begaan het absoluut noodsaaklik is om ook met God versoen te wees., leer “die gelykenis van iemand wat 'n regspraak teen jou begin” dat hierdie versoening nie uitgestel mag word nie!

(2) Slawerny en marteling.

Ontdek en bespreek. Wat leer die Bybel oor slawerny en marteling?

Aantekeninge.

Die praktyk om iemand in slawerny te verkoop. Lees Eksodus 22:3; Leviticus 25:8-10,39-43; 2 Konings 4:1; Nehemia 5:4-6; Jesaja 50:1; Amos 2:6; 8:6. Volgens Eksodus 22 was die praktyk om iemand in slawerny te verkoop alleen toegestaan in die geval van 'n rower of 'n dief. Volgens Leviticus 25 moet 'n Israeliet wat in slawerny verkoop is, nie as 'n slaaf, maar as 'n tydelike gehuurde arbeider behandel word en moet hy in die Jubeljaar weer vrygelaat word. 2 Konings 4 keur slawerny nie goed nie, maar noem dit alleen. In Nehemia 5 word slawerny vir die afbetaling van 'n skuld veroordeel.

Volgens Jesaja 50 sê die Here in twee beelde dat Hy Israel nie in ballingskap en slawerny in Babilon gestort het nie, maar dat Israel self die oorsaak was van haar ballingskap en slawerny. God het Israel nie 'n skeibrief gegee wat sou bewys dat Hy Israel verwerp het. Hy het Israel nie in slawerny verkoop nie. Die feit dat Israel in ballingskap en slawerny verval het was te wyte aan haar eie sondes!

Volgens die profeet Amos veroordeel God die verkoop van mense in slawerny! Die gevolgtrekking is dat die praktyk van die verkoop van mense in slawerny nie sonder meer goedgekeur was nie. Maar in die omringende lande is mense wat hulle skulde nie kon aflos nie in slawerny verkoop! Jesus verwys na hierdie bekende praktyk in sy verhaal van die gelykenis.

Die praktyk van marteling. Lees Openbaring 9:5; 18:6-7. Matteus 18:34 sê, “Die koning was woedend en het hom oorgegee om gemartel te word totdat hy die skuld betaal het.” Hierdie mense wat ander gemartel het in die antieke Midde-Ooste was amptenare wat deur die hof aangestel was om mense wat gruwelike misdade gepleeg het te martel. Ook hier keur die Bybel die marteling van mense af, maar rapporteer dat dit wel die praktyk was in die antieke wêreld. Dit is nie 'n onderdeel van wat Jesus leer nie, maar alleen 'n onderdeel van die verhaal van Jesus. een onderdeel van het verhaal van Jesus.

In die boek van Openbaring beveel God die instrumente wat sy heilige toorn op die sondes van die onheilige Babilon uitvoer, “Vergeld haar dubbel soveel as wat sy julle aangedoen het.” Dit is figuurlike taal. Hy sê nie wie sy instrumente van straf is nie. Hulle is almal en alles wat God gebruik om sy oordele uit te voer.. “Dubbel vergelding” beteken nie om twee keer soveel te straf nie, maar om haar te straf met “die presiese ekwivalent” van die oortredings wat sy begaan het. Omdat daar geen versoening vir die sondes van Babilon is nie, is “die sondes” en “die straf vir die sondes” ewe groot en dien as die twee helftes van 'n volledige geheel, d.w.s. volkome regverdig! Die gruweldade van Babilon het onbarmhartige martelinge en doodmaak van mense ingesluit. Hulle het onbeskryflike lyding aan ander mense veroorsaak. In God se oordeel sal Babilon haar regverdige straf kry!

(3) Onderrig oor vergewing.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

Romeine 3:23. “Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlijkheid van God nie”. Dit leer dat alle mens op die aarde skuldnaars teenoor god is en vergewing nodig het! (Sien Psalm 130:3; Matteus 18:23)

Psalm 49:8. “Een mens kan tog nie ’n ander loskoop van die dood en aan God ’n losprys vir hom betaal nie? Die prys vir ’n mens se lewe is te hoog. Wat hy kan betaal sal nooit genoeg wees nie.” Dit leer dat ’n mens sy skuld nie kan afkoop nie (Sien Matteus 18:25; Romeine 3:20)!

Romeine 3:19. “Niemand sal hom dus kan verweer nie, en die hele wêreld is strafwaardig voor God.” Dus, *die skuld moet op een of ander manier betaal word!* (Sien Matteus 18:23-24; Genesis 2:17; Romeine 5:18).

Romeine 3:24. Dit leer dat alle gelowiges in Jesus Christus sonder dat hulle dit verdien, op grond van God se genade vrygespreek word vanweë die verlossing deur Jesus Christus. Hy is deur God aangewys as middel van versoening. Dit beteken dat sodra iemand in Jesus Christus gaan glo, Christus die soenofferande vir sy sonde is en sy sondeskuld onmiddellik geskrap word (Matteus 18:27; 20:28; 2 Korintiërs 5:21).

2 Korintiërs 9:15. “Ons dank God vir sy onuitspreeklike gawe!” Dit sou glad nie moeilik moet wees om ’n ander mens wat teen jou gesondig het, te vergewe nie, omdat wat jy aan God verskuldig is oneindig baie keer groter is!

Matteus 6:12-15. “As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie.” Dit leer dat ’n Christen alleen seker van vergewing van sy sondes kan wees as hy ander mense wat teen hom gesondig het ook vergewe het! God sal ’n mens wat haat en wraak koester teen mense wat teen hulle gesondig het seker nie vergewe nie. Christene moet die oortredings van ander teen hulle vergewe netsoos God hulle oortredings teen God vergewe het. God sal ’n mens wat weier om te vergewe ook nie vergewe nie. (Sien Matteus 18:32-34; Efesiërs 4:32; Kolossense 3:12-14)!

Matteus 5:23-24; 18:17. Wie moet die eerste stap neem om hom met die oortreder te versoen? Moet dit die een wees wat die oortreding begin het? Of moet dit die persoon wees wat onreg ly? Die antwoord van Jesus is, “Altwee moet stappe onderneem! Matteus 5:23-24 sê, “As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe.” Hier leer Jesus *dat die skuldige die inisiatief moet neem.*

Matteus 18:15 sê, “As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen.” Hier leer Jesus *dat die onskuldige persoon die inisiatief moet neem.*

In die oë van God is dit heeltemal nie belangrik wie “skuldig” is nie of wie die probleem begin het nie, maar dat daar versoening plaasvind! God hou beide partye verantwoordelik om die inisiatief tot versoening te neem!

6. Maak ’n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te weet, te glo, te wees en te doen?

Aantekeninge.

(1) Hoe God is.

Alle mense moet weet hoe die God van die Bybel is. Één van die groot lesse in die Bybel en in hierdie gelykenis is die onvoorstelbare barmhartigheid en vergewing van die God van die Bybel. Ons sondes kan so groot wees as “miljoene rand” ’n hoeveelheid wat geen mens aan God kan terugbetaal nie! Maar wat vir die mens onmoontlik is, het Jesus Christus vir die mens wat in Hom glo, gedoen. Hy het aan die kruis gesterf as ’n soenofferande vir alle mens wat in Hom glo, wat Hom aanneem (Johannes 1:12), vir alle mense wat aan Hom behoort (sy skape)(Johannes 10:11)! “Want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word” (Romeine 10:13).

(2) Hoe behoort Christene te wees.

Christene moet weet hoe hulle behoort te wees. ’n Ander groot les in hierdie gelykenis is dat Christene mense wat teenoor hulle oortree het, moet vergewe en hulle met hulle moet versoen. Ongeag of die ander ’n grief teen jou het of jy ’n grief teen hom het, julle moet mekaar vergewe en julle met mekaar versoen! Christene mag vergewing en versoening uitstel nie, omdat “*môre al te laat kan wees!*” Vergewing is één van die fundamentele kenmerke van God se koninkryk! Die ware burgers van God se koninkryk koester geen haat of wrok nie, hou geen lys met die oortredings van ander by nie (1 Korintiërs 13:5), maar vergewe mense onmiddellik en word onmiddellik met hulle versoen. Die ware burgers van God se koninkryk is nie onbarmhartig en wreed teenoor die broeders wat teen hulle ’n oortreding begaan het nie, maar vergewe hulle keer op keer (Matteus 6:12,14-15).

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	-------------------------	---

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	---------------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die gelykenis van “die onbarmhartige amptenaar” saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Psalm 71, 73, 78 en 82**. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. **Herhaal** elke dag de laatste vyf Bybelverse uit Romeine wat jy uit jou kop geleer het. (6) Romeine 4:5, (7) Romeine 5:1-2a, (8) Romeine 5:3-4, (9) Romeine 6:13, (10) Romeine 6:23.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 6:12-23**. Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.